Nico van Gijsen: Tyd is die petrol wat jou geld-enjin woema gee

netwerk24.com/sake/nico-van-gijsen-tyd-is-die-petrol-wat-jou-geld-enjin-woema-gee-20260213-0875



Jou geld het tyd nodig om te kan groei, skryf Nico van Gijsen.

Ek wil vandag enkele foute noem wat mense maak en wat ’n negatiewe invloed op hul welvaartskepping het. Soms sonder dat hulle dit besef.

Ons noem dit die beleggingsgaping. Dit tussen wat jy kón gekry het en dit wat jy kry.

Ek begin by ’n gesprek met iemand nou die dag. Hy wou weet hoekom ek dan nie sy geld skuif (uit die een fonds na ’n ander fonds) nie. Ek glo nie daaraan om die mark te speel nie, was my antwoord. In die mark gaan dit oor tyd, nie tydsberekening nie.

Ja, ek weet julle finansiële raadgewers sê so, maar dit beteken niks.

Jy het die afgelope jaar meer as 20% groei op jou geld gehad (ná koste), wys ek hom. In watter fonds sou jy liewer jou geld wou gehad het? En boonop is jou portefeulje só saamgestel dat nie ál jou kapitaal op risiko was nie, sou die mark kwaai gedaal het.

Dit gaan nie hier oor hoe slim ek is nie. Enige kundige finansiële raadgewer sou ’n soortgelyke antwoord had. Dit is tyd in die mark, nie tydsberekening nie. Ons almal weet dit.

Jou geld, om te kan groei, het tyd nodig.

Jy is dalk jou eie grootste vyand
Navorsing wys dat beleggers, veral diegene wat hul eie beleggings hanteer, meer waarde heg aan die pyn van korttermynverliese as die vreugde van goeie groei.

Dit is presies waaroor die vraag hier bo gaan. Skuif jou geld in kontant, en as die mark herstel het, skuif jy dit weer in aandele. Of so iets.

Maar wat sien ons?

Kliënte wat weens vrees vir markskommelinge hul geld uit ’n fonds uit geskuif het, vaar uiteindelik baie swakker as die fonds waaruit hulle geskuif het.

Die waarheid is dat die groot beleggingsgroei ná ’n markdaling volg, kort op die hakke van die markinsinking.

Byvoorbeeld: Tussen 2015 en 2024 het die JSE gemiddeld met 9,5% jaar-tot-jaar gegroei. As jy een van dié was wat die mark speel en jy het net die 10 beste groeidae van elke jaar gemis, sou dit ’n negatiewe -13,5% gewees het.

Hoef ’n mens nou regtig baie diep te wonder oor die beleggingstrategie van diegene wat jou waarsku teen die JSE en teen aandele?

Wat my bring by die volgende punt: die kuddegedrag. Byvoorbeeld daardie vleisbraaivuur- finansiële raad waarteen ek gereeld waarsku.

Moenie politiek miskyk nie. Politieke groeperinge is geneig om mekaar se standpunte te onderskryf en selfs mekaar se idees oor finansies en beleggings na te volg.

Soos dié wat niks goeds in Suid-Afrika sien nie. Om van die samesweerders nie te praat nie. Alles van die Covid-inspuiting wat kanker veroorsaak tot die Suid-Afrikaanse rand wat minder werd gaan wees as die Zim-dollar.

Ek hoor dit al baie jare lank, maar ons gaan aan. En dié van ons wat ons nie steur aan die negatiewe twak nie?

Ons geld groei mooi, baie dankie.

Die resep vir beleggingsgroei
Ek wil, as jy werklik wil welvaart skep, twee eienskappe van menslike gedrag uitsonder: dissipline en geduld.

As jy die dissipline het om vir jou ’n geld-doelwit te stel en daarby hou, is jou pad na rykdom vir jou uitgelê.

As jy dan ook die geduld het om selfs in tye van swak prestasie nie jou oog van die beleggingsbal af te haal nie, maar te bly fokus op jou doelwit, is jou rykdom verseker.

Hier is enkele punte om jou ’n raamwerk vir welvaartskepping te gee.

- Werk saam met ’n kundige finansiële beplanner. Stel ’n plan op om by jou doelwit uit te kom. Waar is jy? Waar wil jy wees? Hou by die plan. Moenie jou van stryk laat bring deur jou belegging met dié van vriende en bure te vergelyk nie. Hul plan lyk anders. Hul tydshorison lyk anders. Hul beskikbare geld lyk anders.

Ek het genoem van tyd en die mark. Dit is belangrik vir groei, soos ek hier bo noem. Maar jou tydshorison is ewe belangrik. Dit bepaal die beleggingsrisiko wat jy gaan aanneem. Jy kan tog nie ’n portefeulje wil saamstel met ’n tydshorison van 20 jaar (en dalk aggressief in aandele belê), terwyl jy weet dat jy jou geld oor vyf jaar gaan nodig hê nie.

Die twee portefeuljes gaan anders lyk. As jy besluit het, byt vas, moenie skielik die groot groei van jou buurman wil najaag nie.

- Hou ook ’n noodfonds. Dit is vir onvoorsiene uitgawes. Jy wil nie uit jou langtermynbelegging moet geld onttrek om korttermynuitgawes te dek nie.

  Hoeveel? Dit sal afhang van jou inkomste en besteebare geld, maar ek meen so tussen R100 000 en R500 000 is skaflik.

  Die geld is gewoonlik in ’n rentedraende belegging, wat belasbaar is teen jou marginale koers, so moenie oorversigtig wees en ’n te groot “noodfonds” eenkant sit net om dan vir Jan Taks ’n groot hap daarvan te moet gee nie.

- Van belasting gepraat: Al my lesers weet teen die tyd dat ek gereeld waarsku om nie die belastingstert die beleggingshond te laat swaai nie.

  Maar belasting is ’n risiko. Soos beleggingsrisiko, wat jou opbrengs negatief kan beïnvloed, net so is belasting ’n risiko wat jou werklike groei ’n knou kan toedien. Neem dit in ag.

Maar alles begin by ’n plan. Opgevolg deur dissipline. En ’n skeut geduld.

· Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za